| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA&R 259/03** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **16/09/2004** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **16/09/2004** |

In die saak van:

**HARRIS, ISRALE** Appellant

en

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Kgomo RP et Lacock R*

---

## UITSPRAAK OP APPÉL

---

**LACOCK R:**

1] Die appellant is op 29 Oktober 2002 in die Distrikshof van Kimberley skuldig bevind aan twee aanklagtes.

Eerstens is hy skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer deurdat hy na bewering op 27 April 2001 en te Colville, Kimberley, wederregtelik en opsetlik vir Nicolette Hendriks en / of haar tweejarige dogtertjie, Deronise Hendriks, aangerand het deur hulle met ‘n panga te slaan.

Tweedens is hy skuldig bevind aan ‘n oortreding van art. 51 (1) van die Strafproseswet nr. 51 van 1977 (die Wet) gelees met art. 48 van Wet 8 van 1959 deurdat hy na bewering op 28 April 2001 en te Kimberley nadat hy wettiglik in hegtenis geneem was, en voordat hy in ‘n gevangenis, polisiesel of opsluitplek geplaas was, wederregtelik en opsetlik uit sodanige bewaring ontsnap het.

[11] Nadat die Landdros die appellant aldus skuldig bevind het, het hy die verrigtinge gestaak en die saak kragtens die voorskrifte van art. 116 (1) (a) van die Wet na die Streekhof, Kimberley oorgeplaas vir vonnis.

[12] Die saak het op 12 Desember 2002 voor die Streekhof te Kimberley gedien, en is die beskuldigde op daardie dag as volg gevonnis:

Aanklag 1 (aanranding met die opset): Vyf (5) jaar gevangenisstraf.

Aanklag 2 (ontsnapping): Ses (6) maande gevangenisstraf.

Die Landdros het gelas dat die vonnis op aanklag 2 gesamentlik met die vonnis op aanklag 1 uitgedien sal word.

2] Die appellant kom nou in hoër beroep teen die skuldigbevinding sowel as die vonnis hom aldus opgelÍ.

3] Die staatsaak hierin kan kortliks as volg opgesom word:

Op 27 April 2001 en gedurende die vroeë aandure het die klaagster, Nicolette Hendriks, met haar dogtertjie en vergesel van haar vriendin, Marjorie Solomons, in Agathastraat, Colville, Kimberley gestap. Op ‘n stadium het die appellant skielik voor hulle verskyn en ‘n dreigende houding teenoor die klaagster ingeneem. Die klaagster het met haar dogtertjie in haar arms by ‘n erf van ‘n woonperseel ingehardloop in ‘n poging om van die appellant te ontsnap, maar het agter in die erf gegly en geval. Haar dogtertjie het op haar bors gelÍ terwyl sy op haar rug op die grond gelÍ het. Die appellant het haar toe toegetakel met ‘n panga en haar twee wonde toegedien, waarvan een aan die arm en die ander op ‘n vinger. In die proses het die appellant ook die dogtertjie twee kapwonde toegedien op haar regter bo-arm. Nadat die appellant die klaagster en die dogtertjie aldus aangerand het, het hy weer by die erf uitgehardloop en ook vir Marjorie

Solomons gejaag. Marjorie het ook getuig dat, net nadat die appellant voor hulle in die straat verskyn het en begin het om die klaagster te jaag, hy ‘n bierbottel in die rigting van die klaagster gegooi.

Die klaagster en haar dogtertjie is dieselfde nag na ‘n hospitaal geneem waar hulle behandeling vir die wonde ontvang het, waaronder hegsteke.

[31] Op inligting verskaf deur die voormelde klaagster, het die polisie die volgende dag, Saterdag 28 April 2001, na ‘n woning ongeveer twee huise vanaf die woning van die klaagster gegaan om die appellant aldaar te arresteer. Met hul aankoms daar kon hulle aanvanklik nie die appellant opspoor nie, maar het hom later in ‘n buitetoilet gevind waar hy gepoog het om weg te kruip. Die polisie het hom behoorlik arresteer en met die polisievoertuig na die aanklagkantore te Transvaalweg, Kimberley, geneem. Hier het die polisie voor ‘n hek wat na die binneplaas van die polisiestasie toegang verleen stilgehou en die appellant uit die polisievoertuig gehaal. Terwyl die twee polisiebeamptes met die appellant voor die hek gestaan het en gewag het dat iemand dit oopmaak, het die appellant weggespring en weggehardloop in ‘n klaarblyklike poging om te ontsnap.

Die polisie het hom te voet agtervolg en is hy in Kerkstraat weer aangekeer.

[4] Die appellant het onskuldig gepleit op beide die aanklagtes hom ten laste gelÍ. Ten aansien van die eerste aanklag het hy beweer en ook getuig dat hy die klaagster uit selfverdediging met ‘n mes beseer het nadat sy hom met ‘n stukkende bottelstuk in die gesig gesteek het.

Ten aansien van die ontsnappingsklag, het hy erken dat hy deur die polisie arresteer was, maar ontken dat hy gepoog het om te ontvlug soos deur die tersaaklike polisiebeampte getuig.

5] Die Distrikslanddros het bevind dat beide Nicolette Hendriks en Marjorie Solomons asook die polisie getuie, mnr Leo Shuping, betroubare getuies was en ‘n goeie indruk as getuies op hom gemaak het. Daar is myns insiens geen rede om met hierdie bevinding van die Landdros te verskil of daarmee in te meng nie. Inteendeel, die oorkonde toon aan dat hierdie getuies hul getuienis op ‘n eerlike en oortuigende wyse afgelÍ het. Daar is gevolglik myns insiens geen rede vir ‘n bevinding tot die teendeel nie. Sien **S v Dhlumayo & Others 1948 (2) SA 677 (A) te 675 H**.

[51] Daarenteen het die Landdros bevind dat die appellant 'n uiters onbetroubare getuie was, en het die Landdros sy getuienis as nie redelik moontlik waar nie verwerp. Ook met hierdie bevinding van die Landdros kan geen fout gevind word nie.

Dit blyk dat die appellant nie alleen homself telkens weerspreek het nie, maar ook dat hy sy getuienis voortdurend aangepas het. Dit blyk ook, soos die Landdros tereg bevind het, dat die appellant selfs getuienis probeer fabriseer het deurdat hy hospitaalrekords vervals het ten einde stukrag te verleen aan sy (valse) weergawe dat hy op dieselfde aand waarop die klaagster aangerand was, by die hospitaal behandeling ontvang het vir die beweerde steekwond aan sy wang wat die klaagster hom sou toegedien het en waarteen hy homself na bewering verweer het.

[52] Ek is heeltemal tevrede en oortuig daarvan dat die Landdros tereg die getuienis van die appellant as vals en nie redelik moontlik waar nie verwerp het, en dat die Staat bo redelike twyfel die skuld van die appellant op beide aanklagtes bewys het.

6] Wat vonnis aanbetref blyk dit uit die uitspraak op vonnis van die Streekhoflanddros, wyle mnr Chris Möller, dat hy hom in geen opsig wanvoorgelig het nie. Hy het behoorlik oorweging gegee aan die persoonlike omstandighede van die appellant, die aard en erns van die misdrywe asook die gemeenskapbelang.

[61] Indien die ongevraagdheid van hierdie aanranding op die klaagster en haar dogtertjie in ag geneem word, asook die aard en erns van die wonde wat hulle in hierdie aanranding opgedoen het, en dit saamgeneem word met al die ander faktore soos deur die Streekhoflanddros in ag geneem, kan myns insiens nie gesÍ word dat die vonnis die appellant opgelÍ, enigsins skokkend onvanpas is nie.

[62] Die appellant het ook nie as ‘n eerste oortreder voor die hof a *quo* verskyn nie. Hy het onder andere ‘n vorige veroordeling vir poging tot moord op sy kerfstok.

[63] Dit is geykte reg dat ‘n hof van appél nie ligtelik sal inmeng met die vonnis diskresie van ‘n verhoorhof nie, en dat sodanige inmenging beperk is tot gevalle waar die verhoorhof hom- of haarself wanvoorgelig het of ‘n mistasting begaan het of in gevalle waar gesÍ kan word dat die vonnis wat ‘n appellant opgelÍ is so skokkend

onvanpas is dat ‘n redelike hof nie sodanige vonnis sou opgelÍ het nie. Sien **S v Pieters 1987 (3) SA 717 (A) te 727 F tot H**.

Na my mening is in hierdie geval geen gronde vir inmenging in die diskresie uitoefening van die Streekhof aangetoon of aanwesig nie.

7] Bygevolg word die volgende bevel verleen:

**A. Die appél word van die hand gewys.**

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

FD Kgomo
**REGTER-PRESIDENT**

**Namens appellant:** Mnr DH Janse van Vuuren
**Namens respondent:** Adv E van Dyk